

13 Junie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:8-14
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:8-14

Die lewe! – moenie daaraan twyfel nie

Paulus beroep hom op wat in Psalm 116 staan om krag en integriteit aan sy woorde te gee. Hy wil hê sy lesers moet weet dat hy nie sommer praatjies maak nie. Hy suig nie dinge uit sy duim nie. Wat hy sê, is die waarheid.

Om die egtheid van sy woorde te bevestig, sê hy (en dit is waarop dit neerkom): *Dieselfde Gees wat Dawid laat glo het – en daarom ook laat praat het – is ook in my! Wat ek sê, sê ek omdat ek dit glo. Ek sê dit omdat die Gees van die geloof my oortuig het.*

Wat presies sê Paulus? Waaroor gaan alles?

Hy begin deur te praat van sy eie lyding, wat hom partykeer by die dood laat omdraai het. Hy bevestig ook dat dit nie vir hom 'n probleem is om te sterf nie, want hy sterf vir Jesus. Daarom noem hy dit *die sterwe van Jesus*.

En as mens bereid is om vir Jesus te sterf, beteken dit Jesus se manier van lewe het in jou gestalte gekry. Hy was immers bereid om te sterf omdat sy Vader die wêreld wil verlos. Dit het vir Jesus gegaan oor 'n groter saak as Hyself. Hy was bereid om sy lewe vir hierdie groter saak te gee.

Paulus het die beliggaming geword van Jesus se manier van lewe. Hy sê: *Die lewe van Jesus word sigbaar in ons liggaam*. En dan sê Paulus dat hierdie selfde lewe ook in die Korintiërs aan die werk is.

Hierdie lewe gaan met die eindoordeel ook manifesteer wanneer ons almal, sê Paulus, (ook liggaamlik) opgewek sal word en saam voor sy troon sal staan.

Dit gaan dus oor die lewe – Jesus se lewe! Nou, maar ook eendag! Dit is waaraan Paulus nie twyfel nie. Twyfel jy?

Dr. SF Kruger (Middelburg-Noord)